education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL (V1)**

**FEBRUARIE/MAART 2009**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEES EN KYK

### VRAAG 1

| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Daar word nie doekies omgedraai nie./ Dinge word genoem net soos dit is. √ | 1 | 2 | 1.4 | 2 |
| 1.2 | Ouers/'n Ouer/Volwassenes/Voogde (wat hul kinders fliek toe neem). √ | 1 | 2 | 1.3 | 1 |
| 1.3 | Voortvarendheid/Sy is voortvarend/onnadenkend (nie impulsief nie). √ | 1 | 2 | 1.4 | 1 |
| 1.4 | Anderse/omgekeerde/agterstevoor. √ | 1 | 2 | 1.6 | 2 |
| 1.5 | Mening. √ "miskien"/Die resensent se siening /dit kan nie bewys word nie. √ | 2 | 2 | 2.3 | 2 |
| 1.6 | Jy moenie oordeel nie.√ | 1 | 2 | 2.8 | 4 |
| 1.7 | Dit is 'n gevatte antwoord/slim uitdrukking (of enige gepaste sinoniem in 'n volsin).√ | 1 | 2 | 2.1 | 1 |
| 1.8 | "stil, bleeksielerige ou". √ (Al drie woorde + die aanhalingstekens vir 1 punt) | 1 | 2 | 1.3 | 1 |
| 1.9 | "Oscar-bekroonde draaiboek"/"toneelspel uit die boonste rakke".√ (frase en aanhalingstekens) | 1 | 2 | 1.4 | 2 |
| 1.10 | Die leser moet dadelik/so gou moontlik/vinnig na die fliek gaan kyk./Moenie wag om na die fliek te gaan kyk nie. √ | 1 | 2 | 2.5 | 3 |
| 1.11 | Teks B √ Wikipedia. √ | 2 | 2 | 1.7 | 1 |
| 1.12.1 | Teks A: Tienerswangerskappe kan ernstige gevolge hê. √ | 1 | 2 | 2.5 | 4 |
| 1.12.2 | Teks B: Die resensent is simpatiek teenoor/het deernis met/het begrip vir tienerswangerskappe/aanvaar dit as ('n natuurlike) deel van die lewe. √ | 1 | 2 | 2.5 | 4 |
| 1.13 | Lighartig √ | 1 | 2 | 1.7 | 1 |
| 1.14 | Teks A: meer formele taalgebruik/taalgebruik sluit aan by die taalvereistes van 'n resensie. √ Teks B: loslittaal word gebruik/ omgangstaal/nie die formele taalgebruik van 'n resensie nie. √ | 2 | 2 | 4.1 | 3 |
| 1.15 | Teks A : volwassenes/ouer mense. √ Teks B: jongmense. √ | 2 | 2 | 1.4 | 1 |
| 1.16 | Volgens die kop het niks verander nie, √ maar tog het alles verander, want die tegnologiese vooruitgang word genoem. √ | 2 | 2 | 1.7 | 1 |
| 1.17 | Die fokus is op die tree (bene, voete) wat die persoon gee. √ | 1 | 2 | 2.9 | 3 |
| 1.18 | Die moderne vrou is (ekonomies) bemagtig/speel 'n vername rol in die sakewêreld./Die vrou is belangrik in die sakewêreld. Die vrou is besig om haar pad boontoe op te werk. √ | 1 | 2 | 2.10 | 4 |

Kopiereg voorbehou

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.19 | Die vrou staan op die onderste posisie van die trap.√<br>Stereotipering kan uitgeskakel word deur haar op 'n hoër posisie te plaas. √ OF<br>Elk van die mans dra 'n pak klere om aan te dui dat hul suksesvol of professioneel is. √<br>Stereotipering kan uitgeskakel word deur die mans informele/ gemaklike klere te laat dra. √ | 2 | 4<br>2 | 3.2<br>3.2 | 3 |
| 1.20 | Dit is toekomsgerig/lei opwaarts/het 'n toekomsvisie /gaan vooruit/lei boontoe. √ | 1 | 2 | 1.1 | 4 |
| 1.21 | SANLAM se boodskap bly dieselfde. √ | 1 | 2 | 2.2 | 4 |
| 1.22 | Eendersyds beteken dit oortuig/seker. √<br>Andersyds beteken dit deur versekering gedek. | 2 | 2 | 2.4 | 4 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING** (LU 2, AS 2.1.5)

**VRAAG 2**

Medikasie kan diabetes, maar nie die emosionele uitwerking van die siekte beheer nie. Jong kinders sien dit as 'n deel van hul lewe. Aanvanklik vind hulle die behandeling vreemd en vreesaanjaend.

Tieners hanteer dit aanvanklik goed, maar herken dit nie as 'n belangrike oomblik in hul lewens nie. Hulle rebelleer teen behandeling, of glo dat die siekte sal weggaan as hulle dit lank genoeg ignoreer.

Volwassenes wat nie die emosionele gevolge kan hanteer nie, kan hul lewe in gevaar stel. Tipe 1-diabete voel hul lewensgehalte het afgeneem en dat hulle gedurig probleme moet oplos. Baie ignoreer die probleem.

**TOTAAL = 85 WOORDE**

**Nasienriglyne**

- Onderstreep alle taal- en spelfoute terwyl nagesien word.
- Ken 'n punt toe vir elke korrekte feit = 7 punte
- Beoordeel taal en styl = 2 punte
- Skryf volsinne, tot drie taal- en/of spelfoute = 2 punte
- Tot ses taal- en/of spelfoute = 1 punt
- Feite aangebied in telegramstyl = 0 vir feite en 0 vir taal
- Kontroleer dat aantal woorde nie oorskry word nie.
- Aantal woorde korrek en korrek aangedui = 1 punt
- Aantal woorde oorskry of nie korrek aangedui nie = 0 punte
  Sien slegs na tot 90 woorde. (Die kandidaat verbeur dan die punt vir die korrekte aantal woorde.)
- Sien formaat volgens die opdrag na. Sewe sinne moet in drie paragrawe aangebied word. Andersins 0 vir taal en styl
- 7+2+1=10

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3**

| Vraag | Antwoord | Punt | LU | AS | Denkvlak Barrett |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | mees verleidelike (nie verleidelikste nie) √ | 1 | 4 | 1.6 | 1 |
| 3.2 | op √ | 1 | 4 | 1.4 | 2 |
| 3.3 | verbruik, is (slegs die woord voor en na die komma) | 1 | 4 | 2.12 | 1 |
| 3.4 | in der waarheid.√ | 1 | 4 | 2.13 | 2 |
| 3.5 | Hoekom neem vetsug **dan** toe... √ | 1 | 4 | 2.11 | 2 |
| 3.6 | Vetsug neem toe en het epidemiese afmetings bereik. √ | 1 | 4 | 2.1.1 | 2 |
| 3.7 | kern + wetenskap √ (beide vir 1 punt) | 1 | 4 | 1.4 | 1 |
| 3.8 | sondebok √ | 1 | 4 | 2.13 | 3 |
| 3.9 | Alle kos (in oormaat geneem) maak vet. | 1 | 4 | 3.2 | 1 |
| 3.10 | Ek **skuld** jou geld.√ (*skuld* as 'n werkwoord in 'n sin gebruik) | 1 | 4 | 2.1 | 1 |
| 3.11 | g √ (geen punt na die afkorting nie) | 1 | 4 | 1.2 | 1 |
| 3.12 | Propvol √ (een woord) | 1 | 4 | 1.6 | 1 |
| 3.13 | navorser √ | 1 | 4 | 2.1 | 1 |
| 3.14 | ...wat met oefening gekombineer word/is ... √ | 1 | 4 | 2.6 | 3 |
| 3.15 | Die lewe is duur/ Jy boet duur vir jou foute/Jou dade sal jou duur te staan kom.√ (homoniem vir *duur* in 'n sin) | 1 | 4 | 1.8 | 1 |
| 3.16 | diëte √ (spelling korrek) | 1 | 4 | 2.6 | 1 |
| 3.17 | analogie √ | 1 | 4 | 1.7 | 1 |
| 3.18 | voorkom √ | 1 | 4 | 1.8 | 1 |
| 3.19 | eeu √ | 1 | 4 | 1.9 | 1 |
| 3.20.1 | lans √ | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.20.2 | s.nw. √ | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.20.3 | ewewig √ | 1 | 4 | 1.3 | 1 |
| 3.20.4 | balanseer √ | 1 | 4 | 1.3 | 3 |
| 3.21 | ontsteld √ | 1 | 4 | 3.1 | 1 |
| 3.22 | bietjie/knypie √ | 1 | 4 | 1.9 | 1 |
| 3.23 | eenvoudige/agteraf persoon √ | 1 | 4 | 2.13 | 1 |
| 3.24 | sê vir | 1 | 4 | 3.3 | 1 |
| 3.25 | ... **sy** kan voel hoe die vlooie op **haar** ronddans. √ (2 of 0) | 2 | 4 | 2.9 | 1 |
| 3.26 | Jong man, vat jou hond soontoe, want/omdat ek kan voel hoe die vlooie op my ronddans. √ | 1 | 4 | 2.6 | 1 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou